Posbus 1552, Musina, 0900
Faks : 086 531 7321
Sel: 082 876 0731
E-pos : biltong@oldrocksafaris.co.za

JAG 2013: OPSIE 1

1. INLIGTING (Sien ook: www.oldrocksafaris.co.za)

Neldrie, vrygestelde wildsplaas (3100ha), 10km van Musina, weerskante van die Sandrivier. Mooi natuur en baie wild. Loop-en-jag in verskillende veldtipes. Selfsorg verblyf by Mushashani Boskamp met persoon wat oggende en middae opruim. 3x2 Bed lugversorgde rondawels + 6 Bed stoepkamer met dakwaaier. 2½ Badkamers. Toegeruste kombuis en lapa met braaigeriewe. Sien ook Opsie 2 vir verblyf by Magorgor Safari Lodge op Waterkloof waar meer kamers met beddegoed, dstv, swembad ens. ingesluit beskikbaar is.

Albei dele kan gelyktydig gejag word, ongeag waar u verkies om te bly, op voorwaarde dat dit met bespreking bevestig is.

2. TARIEWE (BTW Uitgesluit)

Jagter		R 330 per nag	
Dag - Jagter (6:00-18:00)		R 110 per dag	
Rooibok: Ram < 16"	R 650	16"–20"	R 900
Rooibok: Ram > 20"	R 1 150	Ooi	R 650
Koedoe: Bul < 45"	R 4 800	45-50"	R 6 000
Koedoe: Bul > 50"	R 7 200	Koei	R 2 600
Blouwildebees: Bul tot 24"	R 2 800		
Blouwildebees: Bul > 24"	R 4 000	Koei	R 2 800
Njala: Bul	R12 000	Ooi	R 6 000
Bosbok	R 6 800		
Gemsbok	R 6 500		
Zebra:	R 7 500		

Nie-Jagter		R 200 per nag
Kind 4 - 12 (Wat nie jag)		R 100 per nag
Blesbok	R 2 100	
Steenbok	R 1 800	
Vlakvark	R 720	
Bosvark	R 1 650	
Duiker	R 750	
Bobbejaan/Aap	R 50	
Gewone Jakkals	R 50 (R 0 indien getoon)	
Gewone Tarentaal	R 50	
Patrys	R 50	
Nie Kuifkoptarentaal 'Crested' Indien wel R2500		

NB! GEEN JAG VAN SPESIES WAT NIE OP DIE PRYSLYS VERSKYN SONDER EIENAAR SE TOESTEMMING NIE!!!

5% AFSLAG (Afgerond tot naaste R10) op alle Rooibokke indien 5 - 10 per groep gejag is.

10% AFSLAG (Afgerond tot naaste R10) op alle Rooibokke indien 11 of meer per groep gejag is.

Ingesluit: Jaggidse, slaggeriewe, afslag van wild, koelkas en 1 gratis bondel hout (+-50kg) per dag. Meer @R50 per bondel.
Bring: Eie beddegoed, handoek, slagmesse en as u wil, kampstoel.

3. VOORWAARDES (NB. Lees ook Jag- en Verblyfvoorwaardes hieronder)

- Volprys vir gekweste wild is betaalbaar. Kwes behels enige aanduiding dat die dier getref is bv. bloed, hare, bene, sien ens.
- Maks 6 jagters + 6 gidse op Neldrie en 3 jagters + 3 gidse op Waterkloof op 'n slag. **Niemand** jag/skiet sonder 'n gids nie.
- Trofee's word waar van toepassing vir prysbepaling volgens Rowland Ward gemeet.
- Misskote per skoot : R50 Wild < R1200. R100 Wild = R1200 - R2000. R200 Wild > R2000 - R4000. R300 Wild > R4000.
- Slegs erkende jaggewere van .243 kaliber of 6mm en groter met 'n teleskoop word toegelaat.
- Oplaai van wild met u eie voertuig of indien 'n plaasvoertuig moet oplaai geld dieselfde tariewe soos vir misskote.
- Kortas Landrover te huur @R320/dag (Petrol uitgesluit). Die persoon wat dit huur is ten volle verantwoordelik daarvoor.
- Gidse se werksure strek tussen 6:00 en 18:00 met 'n rustyd van minstens 2 ure tussen in.
  Buite hierdie tye moet u self met hulle reëlings tref @ R13 per uur, uitgesluit die fooitjie aan die einde van die jag.
- Toestemmings- en Magtigingsbrief (Sien onder) word deur my aan elke jagter voorsien vir die jag en vervoer van wild.
- Permitte vir vervoer van vlakvarke en bosvarke moet self uitgeneem of **vooraf** met my gereël word. 3 Varke per jagter.
- Inboek vanaf 12:00 vir die eerste nag van bespreking en uitboek voor 10:00 op die dag van vertrek.

4. BESPREKINGS & BETALINGS

- Navrae en besprekings kan Maandag tot Vrydag, 7:00 - 19:00 per sel of enige tyd per e-pos of faks gedoen word.
- 50% van verblyf betaalbaar as deposito binne 7 dae nadat bespreking gedoen is ten einde u bespreking te bevestig.
- Skakel asseblief vir die rekening besonderhede aangesien dit afhang van by watter kamp u wil bly.
- **Bewys van deposito betaal, datums en aantal persone waarvoor bespreek is moet per faks of e-pos bevestig word.**
- Indien kansellasies/verminderinge aan die tydperk en/of aantal persone voor 30 dae van die bespreekte datum gedoen word, sal 50% van die verandering terugbetaal word, daarna is geen gelde terugbetaalbaar of oordraagbaar na ander datums nie.
- Betaling na afloop van jag moet asseblief in kontant geskied. BTW faktuur kan op aanvraag verskaf word.
- In geval van wanbetaling sal die betrokke persoon verantwoordelik wees vir alle koste deur die eienaar aangegaan om die gelde te vorder plus rente @ 2% per maand van datum waarop verpligting ontstaan het tot en met datum van vereffening.

Skakel gerus vir meer inligting of besprekings.

Jag- en Verblyfvoorwaardes

1. NB. Tree altyd eties korrek op en respekteer die natuur en alle geskrewe sowel as ongeskrewe jagreëls.
2. Alle vuurwapens moet ontlaai wees op voertuie, in die jagkamp en by die slagplek. Oop slot reël is die veiligste.
3. Inskiet van gewere mag slegs plaasvind op die aangewysde skietbaan. Probeer asseblief die minimum skote afvuur. U geweer moet reeds ingestel wees voor u arriveer.
4. Geen persoon met 'n wapen mag op enige stadium sonder 'n gids en toestemmingsbrief met 'n voertuig of te voet in die veld beweeg of enige wapen afvuur nie.
5. Geen nie-jagter mag met enige wapen van watter aard ook al in die veld beweeg of op sò manier in die veld beweeg dat dit moontlik mag inmeng met 'n jagter in die veld nie. Indien wel sal hy as jagter beskou word en dus vir die volle tydperk bespreek as 'n jagter betaal.
6. Wanneer daar slegs rondgery word vir bv. 'n skemerkelkie of wildbesigtiging moet wapens asseblief by die kamp in die kluis gelaat word.
7. Ry stadig en rustig, slegs in bestaande paaie. Spoedgrens ongeveer 20 km/h.
8. Jag vanaf voertuie m.a.w. soek of skiet van wild vanaf voertuie is ontoelaatbaar. Ry tot by of word afgelaai by punte soos vooraf ooreengekom in die groep en jag dan te voet in die aangewysde area.
9. Nagjag word onder geen omstandighede toegelaat nie.
10. 'n Persoon wat volgens die eienaar se mening onder die invloed van alkohol is sal nie toegelaat word om te jag nie.
11. Moet asseblief geen drank op enige stadium aan die gidse gee nie. 'n Koeldrank, as u wil, is meer as voldoende.
12. NB. Daar mag slegs gejag word op spesies wat op die pryslys verskyn. Enige ander spesie wat gejag is, sal betaal word volgens die vorige jaar se gemiddelde veilingpryse x 2.
13. Geen jag van wild en voëls binne 500m radius van die jagkamp of woonhuise word toegelaat nie. Geen jag van voëls met windbukse, ketties ens. word toegelaat sonder vooraf toestemming nie.
14. Die gids dien slegs as hulp en ondersteuning in die veld. U moet dus basies steeds self jag en besluite neem.
15. NB. Die onus berus op die jagter, nie op die gids nie, om seker te maak wat die spesie, geslag en grootte van die dier is waarna hy mik, voordat hy skiet. Geen korting op klein of foutiewe diere wat gejag is nie.
16. Die gids moet na elke skoot voldoende geleentheid gebied word om rustig seker te gaan maak of die bok raakgeskiet is of nie.
17. Moet nie nader storm na 'n skoot geskiet is nie. Gee die wild 'n paar minute kans om weg te beweeg voordat u stadig en stil nader gaan.
18. Probeer om nie een trop diere voordurend te agtervolg nadat daar reeds op dit geskiet is nie.
19. Geen voorlê en skiet van wild by suipings, voer/soutplekke en grensdrade of binne 500m daarvan nie.
20. Geen aanry of bymekaarmaak van brandhout word toegelaat. Gebruik beskikbare brandhout asseblief oordeelkundig.
21. Natuurlike artikels byvoorbeeld houtstompe, skulpe, voëleiers, kremetartvrugte, klippe, plante, skilpaaie ens. mag nie uit die veld verwyder of beskadig word nie.
22. Geen rommelstrooiing (Ingesluit sigaret stompies) of enige ander derglike aksies wat die natuur kan benadeel word toegelaat nie.
23. Moet asseblief nie uself help aan die groente of vrugte wat moontlik beskikbaar mag wees op die lande tydens u verblyf nie. Dit kan teen 'n billike prys by my persoonlik gekoop word.
24. Enige navraag, dispuut, kwelling of onduidelikheid van enige aard wat mag ontstaan tydens u verblyf moet asseblief met my persoonlik opgeneem word en nie met die gidse nie. Ek is voortdurend op my selfoon beskikbaar.
25. Enige gelde en/of fooitjies ("Tips") wat u aan gidse wil betaal moet in my teenwoordigheid gedoen word op die dag van vertrek. Daar bestaan 'n reeling met die gidse dat enige omkoopgeld i.v.m. kwes, diefstal ens. deur my verdubbel sal word vir die omkoper se rekening.
26. Op die dag van vertrek mag die kamp nie verlaat word voordat dit deur my of die hoofgids geïnspekteer is nie. Enige skade deur u aangebring sal van u verhaal word teen nuwe vervangingswaarde, al word dit na u vertrek ontdek.
27. Geen verantwoordelikheid vir beserings of verliese wat mag voorkom tydens u tydperk hier word deur die lede van Neldrie Beleggings Bk., CHN Boerdery Bk, Magorgor Safari Lodge Bk., Old Rock Safaris of hulle werknemers aanvaar nie.
28. Indien enige persoon hom skuldig maak aan die verbreking van enige reëls soos hierbo kan hy verbied word om verder te jag of om die plaas te verlaat afhangend van die tipe oortreding. Die persoon sal in alle gevalle verantwoordelik bly vir die betaling van die volle verblyf vir tydperk bespreek, wild gejag of gekwes en vir enige ander skade aangerig deur hom.
29. Old Rock Safaris behou die reg voor om enige veranderinge sonder kennisgewing aan die reëls, voorwaardes, pryse en/of terme aan te bring op enige jagte nog nie geboek of deposito's nie betaal nie.
30. Reg van toegang word voorbehou.

NB! TOESTEMMING OM TE JAG EN MAGTIGING OM DIE VLEIS TE VERVOER dokument hieronder moet deur alle jagters **voor** aanvang van die jag ingevul word. Wanneer u arriveer moet u die dokument aan die eienaar toon om te teken en dan tydens die jag by u dra. Wildgetalle soos gejag sal op die dag van vertrek deur die eienaar ingevul word.

By voorbaat dankie vir u samewerking i.v.m. bo-genoemde reëls en voorwaardes.

Ek hoop en vertrou dat u 'n aangename ervaring sal hê en die Bosveld sal geniet.

Die uwe

Cecil-Henry Nel

TOESTEMMING OM TE JAG EN MAGTIGING OM DIE VLEIS TE VERVOER

Hiermee verleen ek , CECIL HENRY NEL , ID : 650325 5036 086 , woonagtig te plaas Verbaard Ged.1 , Musina , Limpopo,
(Posbus 1552, Musina, 0900. Faks : 086 531 7321, Sel : 082 876 0731, e-pos : biltong@oldrocksafaris.co.za)

as eienaar en bestuurder van die vrygesteldeplase Cromer 54MT, Verbaard Ged.1 53MT, Pangbourne 52MT en Elsabat 75MT in die Musina distrik, Limpopo Provinsie op _____ / _____ / 2013 toestemming aan die volgende jagter :

Volle naam en van : _____ID Nr : _____

Volledige woonadres : _____

Telefoon- of Selnommer : _____ Voertuigregistrasienommer : _____

om vanaf _____/_____/ 20_____ tot _____/_____/ 20_____ die volgende wild :

Spesie	Geslag	Getal	Spesie	Geslag	Getal
Rooibok			Gemsbok		
Koedoe			Duiker		
Blouwildebees					
Vlakvark					

te jag en die vleis te vervoer na die bogenoemde adres. Let Wel: Vervoer van varkvleis sonder vel en tande benodig `n veearts-en-nypermit.

VRYSTELLINGSPERMITNOMMER : CPM 008855 Geldig tot : 01/04/2014

Met ondertekening van hierdie dokument bevestig ek as JAGTER en almal in my groep dat ons alles onder JAG 2012 en Jag- en Verblyfvoorwaardes soos voorsien aan ons sorgvuldig deurgelees het, verstaan en onderneem om toe te pas soos versoek.

_____ _____
CECIL HENRY NEL JAGTER

TOESTEMMING OM TE JAG EN MAGTIGING OM DIE VLEIS TE VERVOER

Hiermee verleen ek , CECIL HENRY NEL , ID : 650325 5036 086 , woonagtig te plaas Verbaard Ged.1 , Musina , Limpopo,
(Posbus 1552, Musina, 0900. Faks : 086 531 7321, Sel : 082 876 0731, e-pos : biltong@oldrocksafaris.co.za)

as eienaar en bestuurder van die vrygesteldeplase Cromer 54MT, Verbaard Ged.1 53MT, Pangbourne 52MT en Elsabat 75MT in die Musina distrik, Limpopo Provinsie op _____ / _____ / 2013 toestemming aan die volgende jagter :

Volle naam en van : _____ID Nr : _____

Volledige woonadres : _____

Telefoon- of Selnommer : _____ Voertuigregistrasienommer : _____

om vanaf _____/_____/ 20_____ tot _____/_____/ 20_____ die volgende wild :

Spesie	Geslag	Getal	Spesie	Geslag	Getal
Rooibok			Gemsbok		
Koedoe			Duiker		
Blouwildebees					
Vlakvark					

te jag en die vleis te vervoer na die bogenoemde adres. Let Wel: Vervoer van varkvleis sonder vel en tande benodig `n veearts-en-nypermit.

VRYSTELLINGSPERMITNOMMER : CPM 008855 Geldig tot : 01/04/2014

Met ondertekening van hierdie dokument bevestig ek as JAGTER en almal in my groep dat ons alles onder JAG 2012 en Jag- en Verblyfvoorwaardes soos voorsien aan ons sorgvuldig deurgelees het, verstaan en onderneem om toe te pas soos versoek.

_____ _____
CECIL HENRY NEL JAGTER